Aanddiens
28 Junie 2009

Lees: 1 Kor. 3: 9b-23
Teks: 1 Kor. 3: 11
Sing: 1. Ps. 105: 1 en 2 en 5
2. Ps. 42: 1 en 3
3. Ps. 48: 4
4. Ps. 133: 1 en 2 (TT)

Daar is al hoe meer mense wat vandag na vore kom met die idee dat hulle die Kerk nie nodig het nie. Wat sê dat hulle baie beter as Christen kan funksioneer los van die Kerk. ***Die groot rede vir hierdie idees wat na vore kom, liewe gemeente, lê binne die Kerk self.*** Medelidmate is te dikwels een of ander struikelblok vir ander en dan word die rug op die Kerk as geheel gekeer.

- *Die een groot fout hier is dat so iemand nie bereid is om die saak uit te klaar, op te klaar, te vergewe en voort te gaan nie. Die eie ek en selfgesentreerdheid lê sonder dat so mens daarvan dalk bewus is, ten diepste aan die kern van die probleem.*

Aan die hand van die teksvers kan ons eintlik sê: iemand wat soos hierbo genoem redeneer, wil 'n ander fondament lê as waarop Paulus hier aandui. Want wat Paulus uitwys, is dat Jesus self die fondament is. ***Dit het uit die aard van die saak ook alles te doen met wat Jesus alles gedoen het om die Kerk 'n moontlikheid te maak.*** *Daarmee saam gaan dit ook oor wat Hy, op grond van wat Hy verdien het, van ons vra – en dit is om Hom na te volg.*

- Mag ek dan vra, geliefde, of Jesus Hom ooit eenkant gehou het. Mense vermy het en niks met hulle – as sondaars/skynheiliges/hoogmoediges/beterweteriges soos die mense wat hulle vandag van die Kerk onttrek graag lidmate van die kerk noem – te doen wou gehad het nie? ***Beslis nie en daarom kan ons ook nie daarmee wil wegkom nie.***

'n Verdere feit is dat elke beeld wat vir die Kerk in die Bybel gebruik word – gebou en hoeksteen; herder en skape; wingerdstok en lote en andere – dui op eenheid ondanks verskeidenheid.

- Daarom: 'n klomp bakstene op 'n hoop en sement wat daarlangs lê en al die ander benodigdhede op 'n hoop, kan 'n gebou word, maar is dit nog nie. **Net so kan ek ook nie daar eenkant gaan staan, daarop roem dat ek gereeld lees en bid en my dan nog steeds as deel van die Kerk wil beskou nie.** *'n Baksteen wat los langs 'n gebou lê, is nie deel van die gebou nie. Dit voeg immers geen waarde toe tot die gebou nie. Dra nie sy deel om die gebou regop te hou, by nie.*

Daarom mag ons wat Paulus deur die Gees gelei, hier deurgee nie geringskat nie. Die Kerk se ontstaan lê in Jesus Christus wat Hoof van die Kerk bly. Die een manier waarop die Kerk sal voortbestaan, is as dit voortbou op die neergelegde fondament. *Hoofsaak is: bly gehoorsaam aan wat Hy wil en vra en waarin Hy voorgeloop het.*

Ewe waar is dat ons as lidmate baie versigtig moet wees in ons optrede teenoor mekaar en mense buite die Kerk van die Here. Nooit mag ons optree

asof ons beter as ander is nie; meer verhewe is as ander nie; groter waarde het as ander nie. **Ons deel wees van die Kerk, liewe lidmate, is louter genade en maak ons op geen manier super heiliges nie.** ***Inteendeel: soos Jesus behoort ons juis ook maar die dienskneg gestalte aan te neem. Ons is daar om ander tot diens te wees en nie om deur ander bedien te word nie.***

- 'n Baksteen is nie die gebou nie, maar tog 'n belangrike deel daarvan. Het 'n dien funksie en so moet elke lidmate dit as deel van die Kerk/gemeente ook doen.

Daar is natuurlik iets anders wat maak dat jy nie daar eenkant los van die Kerk kan staan en nog daarop kan roem dat jy wel deel van die Kerk is nie. *Jy het en neem geen verantwoordelikheid nie; jy lewer geen bydrae nie; jy dra niks by tot ander se heil nie; jy kan eintlik maak soos jy smaak en niemand het sê daaroor nie.* Geen belydenis bind jou nie en jy kan maar glo soos jy wil.

Nou word die stelling gemaak deur verskeie teoloë, naamlik dat buite die Kerk daar nie saligheid bestaan nie. Klink erg, nie waar nie, maar tog moet ons mooi dink oor wat gesê word.

- Die Kerk se bestaan rus in die werk van die Drie-Enige God. **Buite die uitverkiesing van God, kan geen mens deel wees van die liggaam van Jesus Christus nie.** *Jesus vergader sy Kerk deur die Gees en die Woord.* ***Die Gees werk in en deur die liggaam van Jesus en sy lede afsonderlik.***
- Plaas jou nou op eie keuse buite die Kerk en dan plaas jy jou buite die werkswyse van die Drie-Enige God. En dan belangrik: jy plaas jouself buite die gemeenskap met God en elke ander gelowige.

Daarom bely ons, liewe gemeente, dat die Kerk of dan 'n gemeente, die vergadering/bymekaar kom van die gelowiges is. *En as gelowiges bely ons dat ons in ons wese sondaars is; dat ons afhanklike mense is. Weet ons dat ons vergifnis van God nodig het en dat ons dit mag vra omdat Jesus dit vir ons verdien het.* **Verder weet ons het ons God se sorg en beskerming en seën nodig, maar het ons mekaar ook nodig in tye van swaar en beproewing.**

- As ek van die Kerk losbreek omdat ek oor iets nie gelukkig voel nie, plaas ek myself buite al die wonderlike ondersteuning.

Kom daarom agter: dit wat ons as gelowiges in die Kerk bind, is nie wat ons is of het nie, maar die geloof in God Drie-Enig. En satan sal alles in die werk stel om juis ons aandag van die belangrike saak af te trek. Sal ons aandag besig hou met onaangenaamhede wat ander veroorsaak en ons so opklits dat ons net ons goed vat en loop en die rug op die Kerk wil keer. ***Buite die Kerk is ons net 'n makliker teiken vir sy vuilwerk en word dit wat Jesus as heilig en voordelig bedoel, sy kerk as gemeenskap van heiliges, word beswadder en verdag gemaak.*** SATAN GLIMLAG BREED EN GOD SE KINDERS LY!

Ja, daar is duidelike waarskuwings aan die Kerk oor wat nog gaan gebeur. Dinge wat ons nie durf ignoreer nie, maar met hand en krag, verstand en wil

sal beveg tot behoud van die Kerk en eer van die Here van die Kerk. Sake wat ons al duidelik sien gebeur en al van gehoor het deur die geskiedenis, geliefdes.

- In 1 Tim. 4: 1 kom die waarskuwing dat mense van die geloof afvallig sal word. Nie godsdiens nie, maar geloof. Dit het inderdaad impak op godsdiens. Want in 2 Tim. 3 word weer gewaarsku dat mense ongodsdienstig sal word en dat hulle nog die uiterlike skyn van die godsdiens sal hê, maar die krag van godsdiens sal hulle nie meer ken nie.

En mag ek vra: die GKSA of meer spesifiek ons as gemeente in Ontdekkers, is ons nog ernstig oor ons godsdiens of speel ons net godsdiens? Sien ons as lidmate nog die krag van godsdiens hierbinne en kan ons nog werklik die wêreld daarbuite oortuig dat ons die krag van godsdiens steeds het?

- Vanuit die teksvers gesien: **bou ons nog voluit en alleen op Jesus as fondament, of het ons al afgewyk daarvan**? Want as ons het, mag ons nie meer aanspraak daarop maak dat ons Kerk van Jesus Christus is nie. BELANGRIK: BOU ONS NOG OF IS ONS BLOTE TOESKOUERS WAT OP 'N AFSTAND STAAN EN KRITIEK UITSPREEK TEENOOR HULLE WAT NOG IETS PROBEER?

Ja, weet maar, geliefde kind van God, dat almal wat deel gaan wees van die Kerk of gemeente waar jy deel van is, nie soos jy gaan wees, dink of doen nie. Nee, soos dit met die 12 apostels was, gaan daar selfs mense wees wat botsende persoonlikhede het teenoor die van jou. *Maar soos 'n deur 'n deur is en 'n venster en venster en beide in 'n gebou nodig is, so is teenoorgesteldes ook in die liggaam van Jesus nodig om in alle fasette behoorlik te kan funksioneer.*

Kan u sien waarom die fondament van Jesus so belangrik is en daarop gebou moet word? Want Jesus is liefde en dit het Hy altyd uitgestraal en ons as sy liggaam moet dieselfde wees en uitstraal – en dit soos vanoggend uitgewys is, teenoor alle mense ongeag wie dit mag wees.

- *Onthou: satan sal juis botsende persoonlikhede gebruik om spanning te wek en aan te wakker. Daarop moet ons elkeen bedag wees en werk dat dit nie 'n hindernis in die Kerk van die Here sal word nie.* En voor ek my buite die Kerk gaan stel, onthou: ***ek is verseker ook nie vir almal ewe aanvaarbaar as mens nie. Daar is verseker 'n paar mense wat met my ook moeite het.***

'n Laaste opmerking: van dat Adam geskape is, het God gesien en gesê dat dit nie goed is dat 'n mens alleen is nie. So het Jesus ook nie bedoel dat sy Kerk 'n klomp indiwidue moet wees nie, maar 'n hegte eenheid wat deur Gees en Woord al meer in liefde saamgebind word. **So moet ek hard daaraan werk, dat ek 'n waardevolle bydraer as instrument in die hand van die Heilige Gees sal wees om die Kerk te versterk en uit te bou.**

Dit geliefdes, kan ek nie doen as ek daar eenkant staan en kritiek uitspreek nie. Niemand gaan in elk geval dan na my luister nie. En as daar in die Kerk/gemeente waar die Here my plaas Bybels gebaseerde foute voorkom,

moet ek dit nie net kritiseer nie, maar alles in my vermoë doen om dit te help in orde te kry. En as dit nie help nie, breek ek nie in geheel met die Kerk nie, maar voeg my elders by 'n gemeente waar ek in rus en vrede verder in die Hoof van die Kerk se diens kan werk.

Die Kerk is noodsaaklik in die wêreld. Dit is die medium waardeur God in die wêreld gedien en geëer word. Dit is die bron van waaruit sy Woord die wêreld ingestuur moet word. Dit is die liggaam wat sy liefde in die wêreld moet uitstraal.

- ***En ons wat die voorreg het om deel van die Kerk te mag wees, moet bydra daartoe dat die Kerk daardie funksie in die wêreld vervul***.

Amen.

Ds Piet Fanoy